# In Memoriam

# Prof. J.A. Grové

Die skielike en onverwagte afsnyding van die aardse lewe van prof. J. A. Grové is skokkend vir die agtergeblewe eggenote, kinders, familie, vriende en gemeenskapsgenote. Na ons menslike oordeel het hy nog maar op die drumpel van 'n skitterende loopbaan gestaan. Na die oordeel van God is sy aardse taak afgedaan. Hoe troosryk vir die Christen is die geloof in die Volmaakte Wil van God nie!

Gelukkig is ook die wete dat die werk van prof. Grové nog in die verre toekoms sal voortleef en vrugte dra: vir 'n jonger geslag wat sy vakkennis van hom geleer het sal sy nagedagtenis 'n inspirasie wees; sy bydrae in die sakewêreld sal altyd eer en respek afdwing; sy gulhartigheid en ongedwonge eerlikheid sal deur sy vriende en kennisse nooit vergeet word nie.

Prof. Grové se belangstelling in „Koers" was kenmerkend van hom. In lewe was hy ondervoorsitter van die Direksie. Sy ywer en onbaatsugtige diens in hierdie opsig is lofwaardig. Sy naam staan in die ererol van hierdie Calvinistiese blad vermeld.

Langs hierdie weg wil die Redaksie en Direksie innige meegevoel betuig aan mev. Grové, kinders en familielede. Laat die herinnering aan sy mooi lewe en koersvastheid 'n soet druppel in die bitter beker wees.

W. N. Coetzee.